**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Navrae<br>Enquiries<br>iMibuzo | MEV B.P.M. ARRIES | Verwysing<br>Reference<br>Ubhekiso | S 10/6 | Telefoon<br>Telephone<br>iMfonomfono | 403-6911 |


AAN

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, HOOFDE VAN SUB-DIREKTORATE EN AFDELINGS VAN DIE HOOFKANTOOR, STREEK-DIREKTEURE, AREA- EN KRING-BESTUURDERS EN HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS


| | |
|---|---|
| Kantoor van die<br>Office of the<br>i-Offisi ye | Onderwyshoof |
| Privaatsak<br>Private Bag | 9114 |
| Dorp/Stad<br>Town/City<br>iDolophi/iSixeko | KAAPSTAD |
| Poskode/Postal Code<br>iKhodi lePosi | 8000 |
| Faks<br>Fax | 419-5967 |
| Datum/Date<br>Umhla | 5 Desember 1997 |


OMSENDBRIEF 0106/1997

AANSOEK OM OORTYDBESOLDIGING : NIE-KS-OPVOEDERSPERSONEEL

1. Daar is met kommer waargeneem dat die prosedure en voorskrifte soos uiteengesit in Staatsdienspersoneelkode (SDPK) DVI/IV/7 ten opsigte van aansoeke om oortydbesoldiging nie nagekom word nie.

2. Weens die uiters ongunstigde finansiële klimaat waarbinne die WKOD moet funksioneer, is dit noodsaaklik dat die prosedure waarvolgens aansoek om besoldigde oortyddiens gedoen moet word, onder almal se aandag gebring word.

3. Dit moet weereens beklemtoon word dat behoorlik gemotiveerde aansoeke om oortydbesoldiging vroegtydig ingedien moet word en dat georganiseerde besoldigde oortyddiens nie 'n aanvang mag neem alvorens goedkeuring <u>vooraf</u> verkry is nie. <u>GEEN POST FACTO GOEDKEURING SAL HOEGENAAMD TOEGESTAAN WORD NIE</u>.

4. Oortyddiens moet as laaste uitweg oorweeg word en derhalwe moet hoofde van inrigtings/kantore die volgende in berekening neem:

   (i) Die omstandighede wat die verrigting van besoldigde oortyddiens noodsaak.

   (ii) Watter stappe geneem is om oortyddiens tot die minimum te beperk, onder andere moet ondersoek eers na hertoewysing van werk onder die beskikbare personeel ingestel word en hertoewysing van personeel en tydelike benutting van ander personeel van ander afdelings.

   (iii) Besonderhede van vrywillige (onbetaalde) oortyddiens deur personeel in verband met:

2/...

(aa) die taak waarvoor besoldigde oortyddiens versoek word; en

(bb) die werk in die afdeling/sub-afdeling in die algemeen gedurende die afgelope 6 maande.

(iv) Indien geen vrywillige oortyddiens verrig is nie, die rede daarvoor.

(v) Die aantal en range van personeel betrokke by die besoldigde oortyddiens.

(vi) Die beoogde tydperk waarvoor oortyddiens gewerk word.

(vii) Die beraamde finansiële uitgawe vir die beplande oortyddiens.

(viii) Wanneer die verrigting van oortyddiens ten doel het om agterstallige werk af te handel, moet die omstandighede daar rondom ondersoek word.

5. Wanneer goedkeuring vir oortydbesoldiging verleen word is dit noodsaaklik dat die fundamentele aspekte soos vervat in Tesourie-instruksie K2.3.7 en K2.2.5 nougeset nagekom word. Die betrokke voorskrifte bepaal onder andere dat:

(i) 'n register of betroubare rekord bygehou word wat deur die hoof van die kantoor nagesien, geparafeer en gedateer word;

(ii) hierdie registers in veilige bewaring geplaas word vir oudit- en rekeninge-inspeksies;

(iii) dat verlofregisters bygehou moet word en dat alle vakansieverlof en siekteverlof dae in berekening by die betaling van die oortyddiens gebring moet word.

(iv) alle eise deur die betrokke hoof van die kantoor/inrigting geverifieer word;

(v) alle eise deur die betrokke Personeelkantoor verwerk word; en

(vi) inspeksies gereeld uitgevoer word om behoorlike beheer oor oortyddiens te verseker.

6. 'n Verdere bron van kommer is dat daar nie behoorlike kontrole uitgevoer word oor die gebruik van staatsvervoer wanneer oortyddiens verrig word nie. Hoofde van kantore/inrigtings moet asseblief voortaan sertifiseer of kontrolemaatreëls vir die beheer van staatsvervoer ingestel en nagekom is en of die nodige verhalings vir die gebruik van staatsvervoer deurgaans ingestel is.

7. Die feit dat hierdie voorskrifte en prosedures onder aandag gebring word beteken nie dat aansoeke om besoldigde oortyd voorgelê moet word nie. Die WKOD beskik eenvoudig nie oor die nodige fondse om aansoeke om oortydbesoldiging te kan toestaan nie.

8. U samewerking in bogenoemde verband word waardeer.

HOOF: ONDERWYS